LEES EERS DIE INLEIDING:

Hierdie pakkie bestaan uit ‘n verskeidenheid hulpbronne wat gemeentelede, en in die besonder, gemeenteleiers op praktiese maniere wil bystaan om die skepping deel te maak van die kerk se ritmes en eredienste.

Alles gaan nie vir almal relevant wees nie, kyk dus wat daar is en gebruik wat werk vir jou situasie en konteks. Ons het die volgende ingesluit:

- Wenke oor alternatiewe- tot plastiekgebruik.
- Eko-vriendelikke wenke vir selfisolasie.
- Skakels na bruikbare video’s sowel as gebede.
- Wenke oor hoe om die skepping te inkorporeer in jou kerk se ritmes.
- Tekste met kort refleksies oor die skepping in die Bybel.
- Litanieë, gebede en belydenisse wat in die erediens self gebruik kan word.

Dit klink na baie, maar moenie oorweldig word nie! Gaan kyk wat vir jou relevant is en kry net die PDF onder daardie afdeling.

Ons hoop hierdie hulpbron is die begin van ’n netwerk van inligting en samewerking oor ’n hele ekologiese leergemeenskap. As jy direk wil betrokke raak by die projekspan se leergemeenskap, kontak gerus vir:

Dewald (Projekspanleier): ds.dewaldh@gmail.com, of
Kobus Odendaal (Getuienisaksie): missio@kaapkerk.co.za.

Die Groen Span